

Sondag 5 Oktober 2014

Is jy 'n toeskouer of 'n akteur?

VOORSANG: Psalm 33: 1 en 2; Gesang 192:1 en 3; 256:1 en 2; 283:1 en 2(Oefen); 339:1 en 2

TOETREDE: Gesang 169:1, 2 en 3

VOTUM: Die Here roep ons byeen met die woorde: “Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet ...”

SEËN: Gemeente, genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus en die Heilige Gees. Amen

OUDERLING

Lofsang

God het ons met sy seën gegroet. Laat ons met blydschap daarop antwoord deur *Gesang 464:1 en 3* te sing.

Wet

Broers en susters, God se wet eis liefde van ons. Hoor hoe som Jesus die wet vir ons in Matteus 22:35-40 op:

...en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. 'Meneer,' vra hy, 'wat is die grootste gebod in die wet?'

Jesus antwoord hom: 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete saamgevat.'

Skuldbelydenis

Ons weet hoe liefdeloos ons teenoor God en teenoor ander mense is. Laat ons ons skuld bely met die volgende woorde:

Here, ons het almal afgedwaal; ons handel almal in stryd met U Woord; ons is liefdeloos teenoor U en ons medemens; vergeld ons genadiglik nie volgens ons werk nie; sien ons aan in Jesus Christus wat vir ons sonde gesterf het.

Genadeverkondiging

Broers en susters, ná ons skuldbelydenis wil God ons van sy genade verseker. In Galasiërs 3:11 staan daar: ‘...hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.’ Almal wat God se vryspraak ontvang, moet hulle geloof in God opnuut met blydschap bely.

Geloofsbelydenis: Kom ons bely ons geloof deur *Gesang 265:1 en 2* te sing.

SKRIFLESING: 1 Samuel 17:1-58 (Sekere seleksies)

“Wie ‘n kind van God is luister na die Woorde van God”

GEBED:

SANG: Geasang 253:1 en 2

PREDIKING: Teks vir die prediking: Filippense 4:13

Geliefdes in die Here Jesus Christus! Argeoloë in Italië het op grafstene afgekom met ’n baie interessante grafskrif. Die grafstene is van mense wat rondom die begin van ons Christelike jaartelling gesterf het. Dit het bloot die letters **N F F N S N C** bevat. Heel duidelik was dit bedoel as ’n afkorting vir Latynse woorde. Talle grafstene het hierdie letters bevat, maar aanvanklik het niemand geweet waarvoor dit staan nie.

Uiteindelik is ’n grafsteen gevind waar die woorde volledig uitgeskryf was en só is die raaisel opgelos. Dit het gestaan vir **NON FUI, FUI, NON SUM, NON CAREO**. Die Latynse woorde het ’n baie morbiede boodskap gedra. Vertaal lui dit: “Ek was nie. Toe was ek. Ek is nie meer nie. Ek gee nie om nie.” Hierdie grafskrif het iets van ’n morbiditeit, ’n fatalisme, ’n wanhopigheid, ’n klag, ’n uitsigloosheid oorgedra.

Dit reflekteer ’n siening van die sinloosheid en die nutteloosheid van die menslike bestaan wat in sommige filosofieë van daardie tyd voorgekom het. Baie geleerdes sê dit is hierdie houding teenoor die lewe wat bygedra het tot die ondergang van die Romeinse Ryk. Mense het toeskouers van die drama van die lewe geword in plaas van akteurs.

Geliefdes in die Here! Ek en jy het ’n toekomsvisie, ’n ideaal, ’n doelwit nodig om te kan lewe. Die sielkundige, Victor Frankel, het ’n Duitse konsentrasiekamp in die tweede wêreldoorlog oorleef. In sy bekende boek, *Man’s Search for Meaning*, skryf hy dat mense wat ’n toekomsvisie verloor het, maklik gesterf het.

Wat hom aan die lewe gehou het, wat sy meganismes vir oorlewing geaktiveer het, was die drang om 'n manuskrip waaraan hy gewerk het, as 'n boek te publiseer. Dit het sin en dryf aan sy lewe gegee. Die toeskouers het dit nie gemaak nie, die akteurs wel.

Dit is wat ons in die geskiedenis van Dawid en Goliat beleef en leer. Daar staan Goliat, enorm groot, drie meter lank. Sy wapenrusting sit met gemak om hom. Met sy swaard en spies in sy enorme hande lyk hy byna soos 'n kanon in menslike gedaante. As hy geloop het was dit amper asof daar 'n mini-aardbewing plaasgevind het. Sy stem was soos die gedreun van swaar donderweer terwyl hy na die gevegsfront toe aanstap, terwyl hy sy beledigings na die Israëliete toe slinger. Sal jy bereid gewees het om hom aan te vat?

Feit van die saak is, dat daar baie tipes Goliatte in die lewe is – dinge wat voor jou en my in die lewe kom staan en soos berge is waaroor en waardeur ons nie kan kom nie. Dit kan 'n baie belangrike besluit wees wat jy moet neem, ander keer weer 'n persoonlike probleem, of 'n versoeking wat vir jou net té groot voel. Sulke Goliatte staan dikwels soos regte boelies voor ons en daag ons uit. En ons eerste reaksie is om te hardloop en weg te kruip – toeskouer te wees.

Maar dit is nie net in ons eie persoonlike leefwêreld waar ons sulke Goliatte aantref nie. Ons hoor daagliks van frustrasies wat mense beleef as gevolg van 'n alles verterende gees van wetteloosheid wat in die land heers. Ons pluk die wrange vrugte van hierdie wetteloosheid - kinderverwaarloosing, gesinsmoorde, geestelike ontwrigting.

Op ekonomiese gebied toon diefstal en dobbelary onder meer dat die wette wat nog altyd vir die ekonomie gegeld het, met minagting ontcrag word ter wille van selfverryking. Woekerwinst, onbehoorlike pryse, boikotte en so meer is aan die orde van die dag.

Wat gaan jy doen – nie iemand anders nie – maar jy en ek self? Veg of vlug?

Toe Dawid by die kamp van die Israëliete aankom vind hy sy broers en die ander manskappe, lam van vrees. Net toe hy wou begin uitvind wat aan gaan, toe storm Goliat weer na die gevegslyn en beledig die Israëliete in geen onduidelike taal nie. Toe die spreekwoordelike stof gaan lê het, vra Dawid, “maar wie is hierdie grootmond?” “Daar is niemand soos hy nie”, was die bang antwoord. Maar Dawid dink anders. “Wat sal gebeur met die man wat die skande van Israel wegneem en die Filistyn daar anderkant verslaan? Wie is hierdie heiden, hierdie Filistyn, nogal dat hy die linies van die lewende God kan verkleineer?” (1 Sam. 17:26).

Toe Eliab, Dawid se ouer broer, agterkom wat Dawid besig is om te dink, het hy hom vir Dawid vererg en probeer om hom so gou as moontlik van die idee van hom te laat afsien. Daar is maar altyd mense soos Eliab tussen ons. Hulle woorde is altyd ontmoedigend. Hulle boodskap altyd dieselfde: Jy kan dit nooit doen nie. Jy sal in jou dag des lewens nie toelating vir medies kry nie. Vergeet dit jou huwelik sal nooit uitwerk nie – jy kan maar net so wel ophou probeer.

Gelukkig is daar ook mense soos Dawid, wat verleenthede as geleenthede sien, wat weet dat hulle swakheid juis hulle krag is. Selfs Saul probeer Dawid ontmoedig: “Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is jonk en hy is ’n vegter van kindsbeen af” (1 Sam. 17:33). Maar dan leer Dawid vir Saul en vir Israel en vir elkeen ’n lewensles – dié les wat Paulus ook in Filip. 4:13 vir ons laat opteken het, naamlik: **“Ek is tot alles in staat deur Jesus Christus wat my die krag gee.”**

Glo in jou self, maar glo bo alles in God wat getrou is aan sy beloftes, wat jou, as jy op jou lewe terugkyk sal kan getuig, uit menigte Goliat se kloue verlos het. Glo dat Hy dit nou weer sal kan doen – want sê Hy dan nie self nie **“aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde”**, om watter goeie rede sal Hy jou nou in die steek laat?

Maar daar is ’n tweede belangrike ding om ook te weet as jy vir Goliat wil aandurf en dit is dat jy jou eie vermoëns moet ken en ook moet weet waar jou krag vandaan kom, soos reeds gesê. Saul het nog nie verstaan wat Dawid vir hom gesê het nie. Daarom sê hy nou: Goed, as jy daarop aandrang kan jy gaan, maar laat my asseblief toe om jou my wapenrusting te laat aantrek. Want as jy vir Goliat wil aandurf dan moet jy net so vreeslik soos Goliat lyk (1 Sam. 17:38, 39). Sy klein wapentjie – ’n slingervel – beklemtoon egter Dawid se **weerloosheid** en tegelyk sy **geloofswaarheid**. Geloofsmoed en nie oormoed nie – dit is waarom dit hier gaan.

Sonder om dinge te wil ooreenvoudig, wil die Here vanaand aan elkeen van ons ’n gereedskapstuk in die hand gee om die spreekwoordelike Goliatte in ons lewe die hoof te kan bied, en dit is: **JY PLUS GOD IS GELYK AAN ALLES WAT JY OOI SAL NODIG HÊ**. Daarmee sê God nie jy gaan alles in die lewe kry wat jy graag wil hê nie. Hy sê ook nie dat jy nie in die proses ’n paar skrape en snye gaan opdoen nie. Maar wat Hy wel sê is dat daar geen Goliat gaan wees wat jou kan oorwin nie. **“Want met U loop ek ’n bende storm, en met my God spring ek oor ’n muur”** (Ps. 18:30). Ja, die krag van God word in die swakheid van die gelowige volbring.

Daar is lewe na die dood. Daar is lewe na 'n egskeiding, na 'n roof, na 'n operasie, na 'n afdanking. Deur sy woorde maak Jesus ook van ons as mense met wie dinge gebeur, en wat soms soos magtelose toeskouers toekyk, akteurs in die drama van die lewe. In die Naam van Jesus kan ons 'n verskil maak aan die toekoms en dit stuur in die rigting soos dit moet wees.

Geloof sien die onsienlike. Agter my, klein en nietig, staan die majesteit van God. Met die geloof sien ek hoe God se hand die klein slingervel in my hand laat swaai. Die geloof sien vir Jesus Christus. Klein en verag, maar Heerser en Oorwinnaar. Sonder gedaante of heerlikheid, maar Koning van die wêreld.

Miskien is jy vandag bang vir iets of iemand? Miskien sien jy vandag nie kans om die lewe in die oë te kyk nie. Miskien sou jy jouself in jou kamer wou toesluit en wegkruip vir jou probleme? Luister hier, gaan op jou knieë en vra die almagtige God van hemel en aarde om Sy krag in jou swakheid te openbaar; vra Hom om jou die krag en moed te gee vir die dag en sy probleme en eise. En vertrou dan op Hom, terwyl jy uitgaan na jou dagtaak môre en jou verantwoordelikhede in die Naam van die Here aanvaar en aandurf in die geloof.

GEBED:

SLOTSANG: Gesang 470:1 - 3

SEËNBEDE: Die genade van ons Here, Jesus Christus, die liefde van God, ons Vader en die gemeenskap met die Heilige Gees sal by julle almal bly. Amen

AFSLUITING: Gesang 313 - Amen